




BRITSE ATLETE HOU HANDUIT VIR KOS

Brittanje begin nou die punt nader waar hy as 'n bedelaar bestempel sal word. Die jongste geval van handuithou is 'n beroep van Britse sportlui op die dominiums om hul atlete van ekstra voedsel te voorsien sodat hulle op die Olimpiese spele kan meeding.

Swemklubs in Australië het onderneem om ekstra voedsel aan vyf Britse swemmers te verskaf. Die hoof van die Britse swemorganisasie het 'n beroep op die ander dele van die Britse Ryk gedoen om hierdie voorbeeld te volg en bygevoeg: „Ekstra voedsel sal geweldig baie beteken om die uitdaging van die buiteland te beantwoord.”

Die Britse regering het onlangs geweier om ekstra voedsel aan atlete toe te staan.

Toe Engeland 'n maand of wat gelede bekend gemaak het dat hy nie weer sagtevrugte van die Unie sal „kan” invoer nie, het die Engelse pers al dadelik bepleit dat die Unie Engeland by wyse van 'n jaarlikse skenking van vrugte voorsien. Die Cape Argus het 'n beroep op „elke ordentlike mens” gedoen om so 'n „gulhartigheid” te ondersteun. Dit het egter gelyk of die regering nie daaraan gaan byt nie, veral toe genl. Smuts kort daarna aan 'n voormalige Australiese premier te kenne gegee het dat Engeland darem nog nie so behoefte is dat aan hom 'n groot geldskenking gemaak moet word nie.

DIE PLAN

Maar tans blyk dit dat die

Smutsbewind tog so 'n skenking oorweeg onder die dekmantel van besigheid. Suid-Afrika sal volgens die planne vir Engeland geld leen om vrugte en ander ingemaakte voedsel van die Unie te koop. Oor drie of vier jaar sal Engeland dan begin om op die lening terug te betaal. Aan die publiek word beduie dat so 'n reëling dan eintlik nodig is as gevolg van 'n duistere „artikel 9” in die Amerikaans-Britse leningsooreenkoms wat niemand blykbaar in staat is om uit te lê nie. Van Britse kant word dit egter so uitgelê dat dit sou beteken dat Brittanje nie vrugte mag koop van 'n ander land as dit ten koste van Amerika is nie. As Engeland dus nie van Ame-

rika meer kan vrugte koop nie weens die snelle verdwyning van die Amerikaanse dollarlening, mag Engeland ook nie elders vrugte koop nie. Altans so vertolk die Britte dit. Daarom sou die Engelse alleen vrugte kan eet indien hulle dit present kry of indien dit op so 'n wyse verskaf word dat hulle eers anderdag hoef te betaal wanneer die verpligtings teenoor Amerika opgehef is.

UIT UNIE-SKATKIS

Nou is die voorstel dat Suid-Afrika Engeland die nodige geld „leen” om al sy vrugte en soveel voedsel as Suid-Afrika kan afstaan, van ons te „koop”. Die boere word dan deur die Unie-regering betaal vir hul produkte wat na Engeland verskeep word en „later” betaal Engeland die geld terug aan die regering!

Waar Engeland „later” die geld vandaan sal kry, word nie vermeld nie. Op die oomblik skuld hy die wêreld nagenoeg £4,000,000,000, en raak hy by Amerika in die skuld teen 'n (Vervolg op bladsy 8)

Kommando's Oorgehaal Vir 8 Augustus

Dit skyn of die O.B.-kommando's sterk onder die besef verkeer van die belangrikheid van die op hande synde fondsinsamelinge vir die stryd van die Ossewabrandwag in die komende twaalf maande. Oral vandaan kom berigte wat aandui dat die Beweging oorgehaal sit vir 8 Augustus, en van 'n hele aantal plekke is verneem dat hulle hul opbrengste van verlede jaar wil oortref.

'n Reisiger uit die Vrystaat, wat nie lid van die Beweging is nie, het aan 'n persoon in Kaapstad gesê dat die Ossewabrandwag blykbaar aan die brand is in daardie provinsie. „Ek het vier dorpe in die noordelike Vrystaat onlangs kort na mekaar besoek, en op al vier was daar Ossewabrandwag vergaderings of funksies aan die gang,” het hy gesê. „Jy hoor nie veel van hulle nie, maar jy sien hulle blykbaar baie,” was sy opmerking

In die Skiereiland het 'n ondersoek van ons verslaggewer aan die lig gebring dat verskeie kommando's verwag om groter bedrae te stort as verlede jaar.

Komdte. A. C. Junghans van die Tafelberg-kommando deel mee dat hulle onmiddellik na 8 Augustus verlede jaar aan die werk gespring het om fondse vir vanjaar in te samel. Wanneer al die bedrae bymekaar gekom is, word gemeen dat die inkomste van byna £70 wat verlede jaar gein is, oortref sal word. Dit is hoofsaaklik inge-

samel deur middel van gebak en naaldwerk. Goedgesindes het ook mildelik bygedra. Komdte. Junghans skryf die sukses van hierdie kommando hoofsaaklik toe aan die bestendige ywer van haar brandwagte en offisiere.

Die Steenberg-kommando onder komdte. E. Lategan getuig van dieselfde ywer. Reeds vanaf verlede jaar is hierdie ywerige kommandante besig om fondse in te samel en haar offisiere aan te spoor om dieselfde te doen. Sy het reeds 'n aansienlike bedrag in die bank vir 8 Augustus.

Afgesien van hierdie bedrag wat deur middel van funksies verdien is, het sy ook 'n afsonderlike bedrag wat ingesamel is deur die verkoop van haar eie blomme. Vir hierdie doel word 'n spaarbus gehou waarin al die sjelings gestort word.

* GEREELDE FUNKSIES

'n Kommando wat nog 'n verrassing inhou, is dié van Papen-

dorp onder komdte. A. M. Jeppe. Saam met haar getroue offisiere het hierdie kommandante sedert verlede jaar se storting, geen moeite ontsien om die fondse van haar kommando op te stoot nie. Elke week het hierdie kommando gebak in die Vriendskapsentrum bedien. Die bedrag wat hierdie afdeling ingesamel het, word nog geheim gehou.

Die Christiaan de Wet-kommando van komdte. M. van Rooyen het ook nie op hulle laat wag nie. Hulle het gereed hulle funksie elke maand gehou. Komdte. van Rooyen deel mee dat hulle maandelikse funksie by Melkboschstrand so 'n vaste instelling geword het, dat dit nie meer nodig is om dit te aaverteer nie.

Ten einde die fondse van die Groot Schuur-kommando

Adjunk- K.G. Nog In Hospitaal

Sedert ons vorige mededeling omtrent die toestand van die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, is berig ontvang dat hy deur sy geneesheer aangeraai is om nog minstens drie weke in die hospitaal op George te bly, waar hy lê as gevolg van 'n hartaanval 'n tyd gelede.

Britse Ideaal

In 'n poging om die Britse volk tot groter kraginspanning en suiniger lewenswyse aan te spoor, word 'n groot propagandaveldtog deur die land geloods waarin Brittanje se haglike ekonomiese posisie aanskoulik voorgestel word. Hierdie skaal in die straat is bedoel om die Britte te laat besef dat hul invoer moet klop met hul uitvoer indien Brittanje van bankrot-skap gered moet word. Die invoer oortref die uitvoer tans met ongeveer £600,000,000 per jaar.



O.B.-Dagviering In Braamfontein

Generaalskap E2 onder bevel van generaal D. Erlank is nou al vir 'n geruime tyd besig om fondse in te samel om die Ossewabrandwag se kas sterk te maak. Met 'n paar klein kommando-funksies in die generaalskap is reeds die bedrag van £100 gein. Die verskillende eenhede is nou almal fluks besig om 'n groot finale poging aan te wend vir 8 Augustus.

Op 16 Augustus sal die generaalskap Ossewabrandwagdag feestelik vier by watter geleentheid ons die eer het om die Kommandant-generaal by ons te hê. Die funksie sal gehou word in die Eendragssaal, Braamfontein.

Die verrigtinge begin om 3.30 nm. Om 4.30 word die K.G. deur 'n erewag van die Boerejeug en O.B.-wag ontvang, waarna dr. P. J. Meyer 'n toespraak hou. Die K.G. spreek die vergadering om 8-uur toe. Heerlike Boeregeregte sal die middag en aand verskaf word.

DODE-REËN

Amerikaanse wetenskaplikes oorweeg tans die moontlikheid of die atoombom in vogbelaaië wolke gelos kan word sodat 'n „doodsreën” op 'n bepaalde doelwit kan neerstort. Volgens die voorgenome planne sal vliegtuie gebruik word om die bomme in donderwolke af te gooi sodat die reën vol radio aktiwiteit sal wees.

Waterberg Gee Die Toon Aan GENERAALSKAP F2 TREK LAER

Op 'n pragtige geleë terrein, drie myl oos van Nylstroom, op die plaas van mnr. Van Rensburg, het die Waterberg-kommando's van 9 Julie af saamgetrek om 'n week se intensiewe opleiding deur te gaan.

Genl. P. P. J. van Rensburg, generaal in Waterberg, onder wie se leiding die laertrek gestaan het, het besonder veel moeite gedoen om die terrein so gerieflik moontlik in te rig. Die eerste indruk wat 'n mens kry as jy die terrein binnekom

is: „Hier is organisasie”. Alles is netjies ingedeel met paai wat na die verskillende kamp-terreine lei. Daar is aparte kampe vir Boeredogters, -seuns en mans en gesinne, met aanwysingsborde na die verskillende terreine; daar is geriewe soos

wasplekke, waterpype aangelê binne die bereik van almal, latrines ens. Die terrein is omring deur pragtige bome en 'n ware lushof om in te wees.

Hierdie pragtige geleë terrein sal moontlik vanaf aanstaande jaar die middelpunt word van 'n groot sametrekking van al die noordelike generaalskappe. Die mening is om in die toekoms die eerste week in Julie 'n groot sametrekking te hou vir Pretoria-Wes en -Oos, Waterberg, Naboomspruit, Potgietersrust, Pietersburg en Soutpansberg. Hou „Die O.B.” en „Voorpos” dop vir die aankondigings.


Generaal M. M. Smith, Organiserende Stafhoof van Gebied F, wat verantwoordelik is vir die opleiding van offisiere, het die aanwesige offisiere deurgaans besig gehou met lesings uit die voorgeskrewe kursus, praktiese dissipline ens.

Na 'n week se harde arbeid voel generaal Smith tevrede. Hy is oortuig daarvan dat sy arbeid met sukses bekroon is.

Die K.G. en ds. S. J. Stander het die laergangers 'n besoek gebring op Donderdag, 17 Julie, en die offisiere toegesprek — en voorgelig i.v.m. die jongste politieke ontwikkelings.



'n Eerewag van Boeredogters het die K.G. en ds. Stander ingewag.

Links: 'n Afdeling Boere-seuns en Boeredogters (in hul netjiese sisrokke en kappies) in 'n flinke mars op die parade.



Eie aan laertreкке van die Ossewabrandwag was hierdie laer gekenmerk deur besondere ordelikeit, netheid en dissipline. Die boonste foto toon die netjiese paraderrein met die hoofkwartier- en noodhulptente op die agtergrond.

Regs: Aandag is ook bestee aan die taak van die O.B.-wag. Die diensdoende wagte word hier afgeles. Onder: Boerejeug en O.B.-wagte op parade tydens 'n vlaghysing-seremonie.



HULP AAN MEV. HOLM

Mnr. N. J. Deacon, sekr. Holm-fonds, Pretoria, skryf:

Dit is aan ons bekend dat u blad dikwels versoek word om oproepe te plaas en dat dit soms lastig word. Ons vertrou egter dat u ons posisie sal begryp na verduideliking.

Eerstens wil ons graag verduidelik dat daar 'n regs-fonds bestaan wat tans meer as 'n duisend pond bedra. Dit sal uitsluitlik vir regskostes aan die reeks hooggeregshofsake verbonde, gaan.

Na volledige beraadslaging is besluit dat die Holm-fonds onder die bestuur van mnr. F. C. K. Jacobsz en ondergetekende, uitsluitlik aangewend word vir die gesinsbehoefte van die Holm-familie. Hierdie fonds het ontstaan as gevolg van 'n oproep in „Die Burger” deur oud-regter C. L. Botha. Ons meld dit, omdat die bestaan van ander fonds-insamelaars voortdurend onder ons aandag gebring word en omdat talle

persone graag wens by te dra spesifiek tot die Holm-gesinswelvaart.

Daar word tans reëlins getref om mevrou Holm se 6 kinders na Suid-Afrika te bring. Dit word beraam dat die koste per kind £160 sal wees. Mevrou Holm word tans deur goedge-sinde vriende gehuisves. Dit is dus vanselfsprekend dat vir haar en haar kinders ook voorsiening vir 'n eie woning gemaak sal word. Vier kinders is reeds van skoolgaande ouderdom en fondse om hulle daartoe in staat te stel, om, na mevrou Holm se wens, 'n Afrikaanse skool te besoek, sal dan natuurlik ook benodig word.

Die bedrag wat tot op datum ontvang is bedra tans £298-12-6. U sal dus besef dat 'n spesiale poging om fondse te in, gebiedend noodsaaklik geword het.

Die firma Crafford en du Toit, de Villiersgebou, Pretoria is aangewys as ouditeure van die fonds en sal by die afsluiting daarvan 'n verslag uitbring.



Kollektelyste is verkrygbaar van Die Sekretaris, Posbus 1270, Pretoria.

Ook in die kamp word daar toegestaan en geskied alles ordelik. Na 'n besige oggend ontvang die laergangers hulle middagete wat deur hulself voorberei is.

LAEVELD TREK LAER

TZANEEN. — Die Laeveld-kommando's (F1b2 en F1b6) onder komdt. en komdt. D. Buitendag het 'n geslaagde en baie gesellige laertrek van 18 tot 20 Julie gehou.

Die laer is ondermeer besoek deur Genl. J. Eloff, hfkomdt. H. Kapp asook komdt. en komdt. H. J. Vermeulen.

Die bosse het weerklink van vrolike gesang en die lug was swaar van die geur van braai-ribbetjie en boerewors. Almal het die laertrek geniet. — (Ingestuur).

KENNISGEWING

Gebied C

OSSEWABRANDWAGDAG-HOOFFUNKSIE

Hoopstad, 9 Augustus 1947

Sprekers: Die Kommandant-generaal en genl. C. Meyer.

Alle omliggende eenhede word na hierdie hoof funksie uitgenooi.

Hoopstad en Generaalskap C4 gaan u toon dat die naam Hoopstad baie vanpas is.

Die ander Generaalskappe van Gebied C is hard besig om ook hulle beste te lewer vir hierdie jaar.

Gebied C moet vanjaar weer soos voorheen hulle naam waardig wees.

Noodhulp vir Duitsland

DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)

Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te verlig!

ONS BENODIG DRINGEND:—

- Fondse vir die aankoop van Voedsel, Klerasie en Medisyne.
- Klerasie en Skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.
- Biltong, Vet, of ander Onbederfbare Eetware.

Stuur u Bydrae of Besendings aan u Plaaslike Noodlenigingskomitee vir Duitsland of regstreeks aan die

DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.),
Bloedstraat 164, PRETORIA of Hoopstraat 105B, KAAPSTAD.

Boere Gewaarsku Teen Spekulasie

'n Pleidooi dat die boere moet verhoed dat hul plase slegs mid-dels word om geld te maak en om 'n einde te maak aan die spekulasie met grond, is deur dr. J. S. Marais, hoof van die Elsenburg-Landboukollege, tydens die kongres van die Landbou-unie van die Winterreënvalstreek op Stellenbosch gelewer.

Spekulasie met grond doen die landbou net kwaad, en is 'n gees wat vreemd is aan die boere-stand.

Hy het die boere gewaarsku dat die tyd van hoë pryse aan die verbygaan is. Die boere moet hiermee rekening hou en 'n einde aan spekulasie met grond maak.

As boerdery gedryf word slegs

Oorbeheer van Behuising

Die Instituut van Munisipale Ingenieurs het veldm. Smuts verlede week oor die vingers getik deur hom daarop te wys dat hy die beheer oor behuising onder te veel departemente het. Die kongres wat in Salisbury sitting gehad het, het hom versoek om groter eenheid teweeg te bring. Behuising ressorteer op die oomblik onder vyf verskillende ministers.

OSSEWABRANDWAGDAG STELLENBOSCH

Stadsaal,

Saterdag, 9 Augustus
10 v.m. — 2 n.m.

Basaar — Kafee — Middagete
(Bring mes, vurk, lepel en 'n vol beursie saam)

Formele Opening 10 v.m. deur
GENLE. DR. ERIKA THERON

om geld te maak, is dit nie meer boerdery nie; dan moet dit onder mynbou ingeskakel word, het hy gesê.

S.A. MAAK SY EIE KUNSLEER

Kunsleer uit stukkies afval-leer is nou vir die eerste keer in Suid-Afrika vervaardig. Dit sal hoofsaaklik gebruik word as binnesole en polvy van skoene en sodoende die verbruik van natuurlike leer aansienlik bespaar.

Die metodes wat aangewend word is dieselfde as dié om katoen uit afvalpapier te vervaardig.

SORGE OP DOMINIUMS AFGELAAI

Die verwagting dat die dominiums sal moet opdok vir die ellende waarin Engeland homself beland het en dat hulle tot 'n groot mate sal moet bydra tot sy herstel, word bewaarheid deur die agenda van die Rykskonferensie wat tydens Augustus in Australië gehou word.

Die konferensie sal deur Suid-Afrika, Australië, Nu-Seeland, Kanada en Brittanje bygewoon word. Samewerking tussen die dominiums om hulp aan Engeland te verskaf en hom uit sy moeilikhede te help, sal bespreek word. Na verwagting sal dié onderwerp voorrang op die konferensie geniet.

Suid-Afrika word deur mnr. H. G. Lawrence, Minister van Justisie, verteenwoordig. Die vredesverdrag met Japan sal ook bespreek word.

Re-unie Van Oudstryders

Mnr. P. J. Muller, Burgemeester van Klerksdorp, skryf:

Uit naam van die stadsraad en in my hoedanigheid as Burgemeester van Klerksdorp, is dit my 'n besondere eer om 'n hartlike uitnodiging te rig aan alle oudstryders, onder wie se geledere dit my gewaardeerde voorreg is ook te mag skaar, om 'n groot byeenkoms wat te Klerksdorp op 10 Oktober eerskomende gereël word, by te woon. Waar 'n heldegeslag stadig besig is om te verdwyn en getalle in die nabye toekoms so uitgedun mag wees dat georganiseerde samekomste nie meer moontlik sal wees nie, sou dit vanpas wees dat een van die laastes daarvan gehou sal word waar die eerste grondleggers in Transvaal gevestig het. In die roem van ons verlede wil ons graag in die mate 'n besieling laat uitstraal wat sal dien as nalatenskap aan die toekomstige draers van die Afrikanergedagte.

Die uitnodiging gaan aan oudstryders van die Tweede Vryheidsoorlog oor die lengte en breedte van ons land, hul weduwees en lede van die Artillerie en Polisie van die Z.A.R. en O.V.S. en 'n beroep word op almal gedoen om alle belangstellendes hiervan te verwittig.

'n Aantreklike program word gereël, besonderhede waarvan eersdaags beskikbaar sal wees?

Oudstryders word vriendelik versoek om al dadelik, maar nie later as 10 September 1947, hul name en adresse aan ondergetekende te stuur en te meld of hulle self vir huisvesting kan reël of wens dat reëlins daarvoor getref moet word. Graag verneem ek ook van oudstryders wat gewillig of begerig sou wees om die verrigtinge aan te vul met interessante vertellings oor beroemde veldslae en ander persoonlike ondervindinge.

Ons maak staat op die oudstrydmakkers om hierdie fees een van die suksesvolste te maak wat nog gehou is.

EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURE

Die alomtebekende drankies. Die skoonste van kleur, die fynste van geur wat u ooit geproe het. Drankies wat nie alleen pryse wen op tentoonstellings nie; maar wat deur alle fynproewers aangeprys word.

PRYSLYS			PRYSLYS		
Per bottel in kassies van 12 bottels	Per gelling in 5 gelling-vaatjies		Per bottel in kassies van 12 bottels	Per gelling in 5 gelling-vaatjies	
WYNE:			VONKELWYNE:		
Ou Port	2/9	—	Grand Spumante (Soeterig)	10/3	—
Inwalide Port	3/3	—	Grande Splendore (Droog) 7/9	—	—
Spesiaal Soet	2/9	12/6	Vonkel Boergonje	8/9	—
Wit en Rooi Jeripiko	2/-	10/-	BRANDEWYN:		
Wit en Rooi Malmsey	2/-	10/-	Aurora V.S.Q.	10/-	—
Wit en Rooi Muskadel	1/11	9/6	(Die allerbeste)	8/6	—
Soet Port	1/11	9/6	Eureka	8/-	—
Port, Pontak	—	—	A.L.	8/-	—
Worcester Hock	1/10	9/-	Royal	8/6	—
Spesiale Sjerrie (Soeterig) 1/10	9/-	—	Boegoe	7/6	—
Goudkleurige Sjerrie	1/9	8/6	LIKEUR:		
Ou Bruin Sjerrie	2/6	—	Peperment, Perske, Appelkoos, Piesang	7/-	—
„Cocktail“	4/3	—	Kersie, Anys, Gemmer, Naaltjie	6/6	—
Vermouth (Droog of Soet) 3/-	—	—	Van der Hum	6/6	—
Swartberg Sjerrie	2/9	—	JENEWER (GIN):		
DROE WYNE:			Droë, Lemoen, Suurlemoen	7/6	—
Boergonje (Rooi)	2/-	—			
Riesling (Droë Wit)	1/9	—			

VERKOOPSVORWAARDES: (1) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gelling vaatjies, of veelvoud daarvan. (2) Voeg by 20/- deposito per va of 5/- per kassie met bottels. Hierdie deposito's word dadelik aan u teruggelees op ontvangs van die leë goed, vraggeld betaald na Vlakteplaats-stasie. (3) Skryf kontant plus deposito's met bestelling of ander lewer ons k.b.a. u naaste stasie.

EXCELSIOR WYNMAKERY (EDMS.) BPK.
POSBUS 1, VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

PAS ONTVANG VAN OORSEE SWALLOW

REËN-, WARM- EN GABERDIEN-JASSE.

PRYSE BAIE BILLIK

Plaas dadelik u Bestelling by

Van Zyls DIE MANSWINKEL
Foon 791 — Posbus 233
HOOFSTRAAT PAARL

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

HET U AL INGETEKEN OP SUID-AFRIKA SE ONAFHANKLIKE NAWEEKBLAD?



Voorsitter: Prof. L. J. DU PLESSIS

Redakteur: Mnr. W. VAN HEERDEN

ONBEVOORDEELDE BERIGGEWING EN BESKOUINGE

DAGBREEK se oplaag is streng beperk, aangesien koerantpapier nog steeds in onvoldoende hoeveelhede ingevoer word. Verseker dus die gereelde ontvangs van u eksemplaar deur by u naaste tak van die Sentrale Nuisagentskap in te teken, of te skryf aan die SIRKULASIEBESTUURDER, DAGBREEK-PERS BPK., POSBUS 8161, JOHANNESBURG.

Intekengeld: 15/- vir 12 maande per pos gelewer, plaaslike aflewering 13/- p.j.

„DIE O.B.“, WOENSDAG, 30 JULIE 1947

S.A. Se Toekoms En Britse Sentiment

Die belangstelling wat buitelandse nyweraars en beleggers in Suid-Afrika stel deur o.a. die oorplasing van fabriek uit Europa na die Unie, laat die lig skerp val op die verskynsel dat 'n groot deel van die Unie-bevolking nog steeds 'n beleid van verset volg teen 'n eie nywerheidsontplooiing in Suid-Afrika — 'n verset wat gelei word onder die vaandel „Buy British” en voor die oorlog selfs beliggaam was in die beleid van 'n politieke party. Slegs die noodsaak van die afgelope oorlog en moontlik van 'n verwagte oorlog kon hierdie groep beweeg om eie fabriek aan die Unie te gun — in sover dit in belang van Engeland se veiligheid is. Met ander woorde, onderwyl die tyd so ryp geword het dat buitelanders die selfstandige plek van Suid-Afrika begin besef, is 'n deel van die Unie se blanke bevolking nog nie bereid om Suid-Afrika as iets meer dan 'n halfwegstasie vir 'n Europese moondheid te beskou nie.

Die geleentheid wat Suid-Afrika vandag gebied word as gevolg van die internasionale toestand kan alleen met die hoogste welslae aangegryp word indien ons land op die verenigde steun van sy bevolking kan reken. En dan het dit tyd geword dat daar op 'n baie meer positiewe wyse leiding gegee word aan die Engels-sprekende gemeenskap om hulle tot die besef te bring dat Suid-Afrika en nie Brittanje nie hul vaderland is. Baie Engels-sprekendes het reeds hul gewig by ons volk ingegooi, maar te veel beskou hulself nog as „sons of England” wat met slagspreuke van „Buy British” en die swaai van die Union Jack enige teken van 'n eie ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika moet beveg, behalwe in sover dit kan dien om Engeland se behoeftes in vrede- of oorlogstyd aan te vul.

EERS VRYWORDING

Dit is seker nie 'n droom buite die geweste van die werklikheid as daar van Suid-Afrika gepraat word as die Noord-Amerika van die toekoms nie. Maar Amerika het tot sy huidige magposisie kon ontwikkel alleen nadat hy die bande met Engeland afgesny en die besef van 'n eie bestemming — en dus 'n eie loyaliteit — by sy volk laat posvat het. En vandag is dit 'n Britse joernalis wat onlangs op die ironie van die feit gewys het dat Amerika hom inder tyd van Engeland moes los veg juis ten einde vandag in staat te wees om Engeland 'n helpende hand te kan reik.

Die geskiedenis het oor en oor bewys dat 'n land eers dan die hoogtes inskiet wanneer hy hom van alle onderhorigheid aan 'n vreemde staat ontdoen. Ons dink maar aan Nederland wat sy goue eeu beleef het in die sewentiende eeu na sy bevryding van Spanje, en van die ekonomiese vooruitgang in Finland wat gevolg het op sy kortstondige vryheid gedurende die twintigste eeu.

Ook vir Suid-Afrika wag daar 'n grootse toekoms, maar dan sal hy eers die nodige stappe moet doen om diegene wat met burgerskap bekleed is ook met burgerskap te besiel. En een van hierdie eerste stappe sal moet wees die uitkakeling van die party-politiek wat voortdurend — soos nou weer voor die verkiesing gesien kan word — Britse sentiment aanblaas terwille van die stemme wat dit kan besorg.

Die Twaalf Maande Wat Voorlê

Die volgende twaalf maande sal vir die Ossewabrandwag in meer as een opsig van baie groot belang wees. In die eerste plaas is daar die moontlikheid van 'n opgewarmde oorlogsvervolging van die kant van die regering. Hoewel die oorlogsjare geleer het dat hierdie wapen nutteloos was teen die Ossewabrandwag, sal so iets nogtans die saamgebalde krag van die Ossewabrandwag verg. Die gevaar van 'n oorlogsvervolging in vredestryd bestaan net in sover dit ons mense in 'n toestand van onvoorbereidheid en onaktiwiteit betrap. Maar aangesien ons vroegtydig gewaarsku is teen wat moontlik op hande is, behoort elke O.B.-lid dit sy taak te maak om die Ossewabrandwag se spierkrag op 8 Augustus weer so sterk te maak as moontlik. Dié troos het ons dat dit in elk geval die laaste bedreiging van hierdie kant sal wees. Daarna sal ons kan hou aan ons toekomsplanne.

Voor die volgende fondsinsameling aanstaande jaar mag daar intussen ook 'n uiters gewigvolle parlementêre verkiesing plaasvind. Ook daarby het die Ossewabrandwag baie groot belang. Hoewel ons weinig geloof aan hierdie „wapen” heg, hou ons tog wel deeglik rekening daarmee dat hoewel die parlementêre stelsel geen positiewe oplossing van ons vraagstukke op duursame grondslag bied nie, dit by uitstek 'n gevaarlike wapen is wanneer dit teen ons volk gerig word. Met ander woorde, in sy afbrekende werking is hy 'n uiters gedugte wapen, en is dit daarom van die grootste belang ook vir die Ossewabrandwag wie in beheer binne daardie stelsel is.

Daarom was die Ossewabrandwag nog altyd bereid om die parlementêre front te steun as 'n soort eerste linie in 'n afweerstryd, en gaan hy ook in die komende verkiesing sy bydrae lewer en wel in 'n vorm wat tergelegenertyd aangekondig sal word. Met die oog hierop is dit dan ook van net soveel belang dat ons ons geleedere sterk hou — wat alleen gedoen kan word as ons die nodige fondse het.

Maar bowe-al is hierdie versterking nodig vir die stryd in die jare daarna wanneer dit by uitstek die taak van die Ossewabrandwag sal wees om die ideaal van 'n onverdeelde volkstaat te propageer en te verwesenlik. Die geroep teen die parlementêre stelsel, wat meer as honderd jaar agter sy tyd is, word steeds groter ook in voorheen vyandiggesinde kringe. Hierdie geroep is ook vir ons 'n aansporing om te volhard gedurende die twaalf maande wat voorlê, want teen daardie tyd sal die vooroordele teen die Ossewabrandwag deur sowel die tydsverloop as die tydsomstandighede begin verdwyn, en sal ons in 'n breër samesluiting van kragte die dinge kan bereik waarvoor ons so hard geveg het. Want wat ons wil, wil eintlik die hele volk; dis net onkunde en vooroordele wat op die oomblik tussen ons en die ander staan.

HONGAARSE KOMMUNISTE MAAK DOODSEKER

Hoewel die verkiesing in Hongarye eers teen die einde van Augustus plaasvind, het die Kommuniste sake reeds so bewerk dat hulle geen teenstand by die verkiesing sal hê nie en die bewind van die toekoms is dus 'n klaar uitgemaakte saak.

Die Kommuniste het een na die ander groep teenstanders onskadelik gemaak. Die kieserslyste is so opgestel dat daar net 250,000 stemgeregtigdes op die lyste voorkom. Ten einde te verhoed dat hul huidige

teenstanders in die huis van verteenwoordigers hulle opponeer, het die Kommunistiese minister van binnelandse sake 'n wet laat aanneem waarin verbied word dat die huidige lede van die opposisie-groepe in die parlement hul weer verkiesbaar mag stel. Alleen die kommuniste sal die reg hê om weer as kandidate testaan!

VREES LEWENSVERLIES

As gevolg van die Kommunistiese optrede moes die Vryheidsparty van Hongarye, wat een van die sterkste teenstanders van die kommuniste was, ontbind en sal gevolglik nie aan die verkiesing deelneem nie. Die leier het

gesê dit sal te veel lewenskos!

VERKEERD GEKIES

Tydens 'n vorige verkiesing het die anti-kommunistiese Kleinboereparty 'n groot meerderheid oor die Kommuniste behaal. Die Kommuniste het egter onlangs deur 'n staatsgreep aan die mag gekom nadat hulle tientalle parlementslede in die tronk gesmyt het. „Die land het twee jaar gelede verkeerd gekies”, het Kommunist Gero verlede week verklaar toe hy na die aanstaande verkiesing verwys het. Daarom word daar nou weer 'n verkiesing gehou.

Ook in Roemenië is hierdie proses om die teenstanders van die Kommuniste te likwideer, aan die gang. Hier is die leier van die opposisie, dr. Manui, in die tronk gestop. 'n Groot aantal van sy aanhangers het onlangs dieselfde pad gegaan.

GETROUE BRANDWAG HEENGEGAAN



Wyle C. J. Basson as vier maande

Op Dinsdag, 15 deser, is oorlede te Riebeeck Kasteel brandwag Christoffel Johannes Basson in die ouderdom van 65 jaar na 'n smartlike lyding van meer

Die begrafnis het plaasgevind te Riebeeck Kasteel op Donderdag, 17 deser. 'n Groot aantal vriende en belangstellendes uit die omliggende distrikte, Swartland, Piketberg, Porterville, Wolseley, Paarl en Wellington, Koeberg en Kaapstad het oorgekom om die laaste eer te bewys.

Ds. de Kock van Riebeeck Kasteel het die diens waargeneem. As draers het opgetree sy seuns Christoffel, Gert, Hendrik en Roelof.

Mnr. D. Warnick het by die graf die dank van die familie oorgebring aan almal wat hul deur woord of daad ondersteun het.

Christoffel Johannes Basson is op 29 Mei 1882 te Middelpas, naby Ruststasie in die Swartland gebore. Op sestienjarige leeftyd moes hy as voorman die boerdery van sy vader waarnem te Uitvlucht, Riebeeck-Wes. Na die dood van sy vader het hy hom meer in die rigting van smidswerk en masjinerie begewe. Met sy skamele opleiding van drie-en-'n-half jaar in plaasskole het hy nietemin wonders verrig, wat getuig van 'n geniale brein. Veral het hy bekendheid verwerf vanweë die Osbeeld wat hy gemaak het en wat op Voortrekkerplein, Riebeeck-Kasteel opgerig is ter herinnering aan die Voortrekkers en die simboliese Ossewatrek van 1938. Ook het hy uit sement 'n kakebeenwa gemaak wat hy gehoop het om aan een of ander gemeenskap te mag verkoop, maar as gevolg van die verwydering tussen die H.N.P. en die O.B. wou baie mense later nie meer van 'n os of 'n wa hoor nie, met die gevolg dat die wa nog by sy woning staan.

Tydens die georganiseerde opbreking van die O.B.-kommando's was hy een van die bittereinders van die Van Riebeeck-kommando's wat geweier het om eedbrekers te word. Die Ossewabrandwag het in oom Stoffel een van sy trouste ondersteuners verloor.

Die oorledene was getroud met Magrietha Aletta Coetzee en uit die huwelik is gebore ses seuns en drie dogters.

Die familie word verseker van die innige meegevoel van alle offisiere en Brandwagte.

(Ingestuur).

DUITSERS VLUG VIR SLAWERNY

Duisende Duitsers stroom die Amerikaanse besettingsgebied vanuit die Russiese deel van Duitsland binne om die slawerny van die Russe wat alle persone opgekommandeer het vir militêre diens of om in die uraanmyne te werk, vry te spring. Sowat 50,000 het reeds by die Amerikaners aangeland en hoewel dit teenstrydig is met die ooreenkoms van die Vier Grotes, lewer Amerika die Duitsers nie aan die Russe uit nie.

Die Amerikaners verwelkom die Duitsers en 'n groot kamp is deur die owerheid naby München opgerig waar die Duitsers gehuisves word.

Onder die Russiese bevel wat aan die begin van Junie van krag geword het, is alle Duitse Offisiere opgekommandeer, vir „spesiale diens saam met die Rooi Leër”, terwyl persone sonder militêre ondervinding, insluitende vroue, verplig word om atoomstof vir die Russe te grawe. Hierdie myne is onlangs naby Oberschlema in Opper-Silisië ontdek. Die bevel tref almal tussen 18 en 45 jaar.

Diegene wat aangesê word, kry net twaalf uur om hulle aan te meld.

NOOIT WEER

Niemand word toegelaat om sy familie saam te neem nie en as hy eenmaal by die myne is, mag hy nooit weer met sy familie in verbinding tree nie.

Nadat die uittoeg begin het, het die Russe hul wagte op die grense verdubbel. Die Amerikaners ignoreer eenvoudig die ooreenkoms dat persone wat uit een gebied na 'n ander vlug, uitgelewer moet word.

DIE SKIEREILANDSE GENERAALSKAPPE VIER

Ossewabrandwagdag

op

MAANDAG, 18 AUGUSTUS, 1947 om 8 n.m.

in die

HOFMEYRSAAL, KAAPSTAD.

SPREKERS:—

GENLE. ERIKA THERON

GEBIEDS-HFGENL. F. D. DU TOIT VAN ZYL

HOOFGENERAAL P. D. ROUSSEAU

GENERAAL J. DE VOS

GENERAAL G. RETIEF

Die Kommando's en Jeugveldkornetskappe sal hul bydraes stort!

Die Ossewabrandwag-orkes sal optree!!

Die Gees van die Ossewatrek leef voort!!!

W.P.-Boere Gaan Indiërs Ook Boikot

Hand aan hand met die boere in Transvaal wat reeds hul kragte vir die Indiër-boikot verenig het, het die boere van die Westelike Provinsie eenparig besluit om die Indiër-handelaars voor die voet te boikot.

Hierdie betekenisvolle voorstel wat vir die Indiërs wat in die Boland saamkoek onheil voorspel, is geneem op die jaarlikse kongres van die Landbou-unie van die Winterreënvalstreek verlede week op Stellenbosch.

Die kongres is versoek om leiding te gee in verband met die kleinhandel-afset van groente en vrugte wat groterdeels in die hande van Indiërs is.

Die voorstel is ingedien deur mnr. D. J. Morkel en deur mnr. P. S. Marais gesekondeer.

Atoombomme In Leë Maag

Ondanks Engeland se geldelike ellende het hy besluit om atoomnavorsing ten bedrae van £50 miljoen te onderneem. Hy hoop hierdeur om Amerika die loef af te steek. Die inrigting sal „in die hart van Engeland“ opgerig word. Sowat 5.000 manne en vroue sal hieraan meedoen.

V.S.A. PROBEER FINLAND RED

Amerika het 'n nota aan die Kremlin oorhandig ten effekte dat as hy nie sy hande van Finland af hou nie en probeer om sy invloed daar te bestendig, Amerika homself die vryheid sal veroorloof om stappe te doen wat dit sal verhoed ten einde Amerikaanse belange te beskerm.

Hierdie dreigement is deur genl. Bedell Smith, die Amerikaanse abassadeur in Moskou, aan Vishinsky oorhandig.

Met hierdie stap het Amerika die inisiatief geneem om te verhoed dat nog 'n stuk van Europa agter die ystergordyn verdwyn.

Die nota verklaar dat enige poging deur Rusland om sy mag

Afrikaners Se Uitvindsel

'n Nuwe meule vir die verpoeiëring van mineraalerts is deur twee Afrikaners in Pretoria ontwerp en gepatenteer. Die meule is baie vereenvoudig en besonder geskik vir erts wat op klein skaal gemaal word. Die uitvinders is mnr. J. Nel en C. Jooste.

Dit kan sowat een ton baie harde erts in een uur verpoei, en drie ton sagte erts per uur fyn maal.

Ystergordyn Keer Britse Koring Af

Die ystergordyn het vir Brittanje op 'n uiters ongeleë oomblik toegesak. In sy dollarhonger

Koei Beskerm Pofadder

'n Koei wat 'n slang teen 'n sekretarisvoël beskerm het, word uit die Paarl berig. Mnr. Willa Basson het op sy plaas in die Klein-Drakenstein 'n sekretarisvoël opgemerk wat opgewonde voor 'n koei rondspring wat met haar horings na die voël stoot. By nader ondersoek het hy bevind dat die voël 'n reuse pofadder, met 'n kop van drie duim breed gevang het en besig was om hom op te vreet, toe die koei op die toneel afgekom het en die voël probeer verwilder. Die rede vir die koei se eienaardige gedrag kan nie vasgestel word nie.

ger het hy hom na Rusland gewend met die oog op uitbreiding van sy handel in daardie rigting. Daar voedsel invoere op die oomblik Brittanje se grootste verteerder van Amerikaanse dollars is, is 'n afvaardiging na Rusland gestuur om koring en ander benodighede te koop. Verlede week is berig dat die afvaardiging onverrichter sake moes terugkeer omdat Rusland so 'n hoë prys gestel het dat Engeland nie kans sien om dit te betaal nie. Dit is egter duidelik dat die moeilikheid nie soseer oor die prys was nie as oor Rusland se onwilligheid om nou aan Brittanje koring te verkoop nadat die breuk 'n paar weke gelede tussen Oos en Wes plaasgevind het na aanleiding van die Marshall-plan vir ekonomiese hulpverlening aan Wes-Europa. As gevolg van hierdie breuk het die lande agter die ystergordyn nou afhanklik van Rusland geword en sal laasgenoemde alle koring wat hy te spaar het, aan hulle moet gee.

(Vervolg in vorige kolom)

(Vervolg van volgende kolom)

Na berig is, het ook die ander transaksie in verband met die koop van timmerhout deurgeval, aangesien dit afhanklik was van die koringooreenkoms.

AFGEKAPTE HANDE! Oproep Om Hulp

Prof. G. Cronjé, Noodhulp-hoof, skryf as volg:

Twaalf manne se hande is afgekap. Hulle is magteloos... hulle wat nie teruggedeeins het nie maar alles opgeoffer het en bereid was om ook hulle lewens in te skiet. Eers was hulle agter die tralies van die Sentrale Gevangenis; nou is hulle agter die doringdraad van Baviaanspoort. Hulle kan nie self vir hulle vrouens en kinders sorg nie. Hulle kan nie self hulle eiendom en hulle assurance in stand hou nie. Hulle kan nie self vir hulle studie betaal nie. Ook vir die behandeling van hulle oë en hulle tande kan hulle nie betaal nie. En tog wankel nie een van hulle nie. Elkeen van hulle is 'n held. Manne van die daad maar met afgekapte hande. As die O.B.-Noodhulpfonds nie help nie, sal hulle in die steek gelaat wees. In die verlede het niemand anders gehelp nie; in die toekoms sal dit ook nie gebeur nie.

Daarom, Brandwagte, u kamerade moet gehelp word en

sal gehelp word tot die laaste een vrygelaat is. U sal help! U wat self in u eie behoeftes kan voorsien, wat self vir u huisgesin kan sorg omdat u hande nie afgekap is nie.

Die beroep word gedoen of om 'n stywe kontante bydrae te stuur aan die O.B.-Noodhulpfonds of om 'n aftrekorder te onderteken en maandeliks 'n bepaalde bedrag in die Fonds te stort. Vorms vir die aftrekorder is aan alle Gebiedshoofkwartiere gestuur en is ook by ondergetekende verkrygbaar.

Handel dadelik! Elke Brandwag is dit aan die kamerade met afgekapte hande verskuldig.

Die Noodhulpfonds vra nooit geld as dit nie dringend nodig is nie.

Handel dadelik want u hande is nie afgekap nie.

Die adres van die Noodhulp-hoof is Posbus 1230, Pretoria.

In die stad ROND
met Ronde Kommando

By die Bioskoop

'n koel sagte sig-

aret — Ronde

Kommando

maak al hoe

meer vriende

„oral in die

land rond.”



Ook te Koop By Die 50 vir 2/2, 10 vir 5½d.

A.V.B.O.B.

Lykbettersers, Grafsteenmakers,
Begravingsversekerners

Bloemfontein — Pretoria

130 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE
EIEMS en ander PRODUKTE aan
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk

MOREMARK (Posbus 7185) Newton

Geskiedenis deur Kuns!

MY KWAS VERTEL

Deur W. H. COETZER 40/-, Porto 2/-
Die Geskiedenis van Suid-Afrika, insonderheid die Groot
Trek, die Vryheidsoorloë en die Eeufeesjaar, in beeld soos
deur die kunstenaar gesien 111 Afdrucke waarvan vier
in kleure. Grootte: 7½ dm. x 10 dm. 242 bladsye gebind
in goeie linne.

Wat is die betekenis van die doop? Waarom doop ons
iemand? Wie mag gedoopt word? Op hierdie vrae en nog
baie ander kry u 'n duidelike antwoord in

DIE CHRISTELIKE DOOP

Deur Ds. J. D. VORSTER 2/3 posvry.

Die verhouding van die jong man en jong meisie tot hul
Toekomstige Huis

EK EN MY HUIS

Deur C. en D. VAN ROOY 2/6 posvry.

1. Die Vrou en haar Huis. — Briewe van 'n moeder aan
haar dogter, wat op troue staan.

2. Die Man en sy Huis. — 'n Vader verduidelik aan sy
seun wat sy verhouding tot sy huis moet wees.

PRO ECCLESIA- BOEKHANDEL

Posbus 29 STELLENBOSCH

Oudste Blanke Van S.A.

Vermoedelik die oudste blanke in Suid-Afrika het voor verlede week sy 117e verjaardag in Johannesburg gevier. Hy is mnr. Pieter Pringle, wie se nakomelinge reeds vyf geslagte tel. Mnr. Pringle kan nog merkwaardig goed hoor en sien.

Hierdie merkwaardige oom is van Skotse afkoms maar kan nie Engels praat nie. Sy vader is in Kaapland gebore en het in 1836 saam met Andries Pretorius die Groot Trek meege-maak.

£200 Eis Oor Kurktrekker

'n Skrynerwerker, E. L. Jeanes van Kaapstad, het verlede week 'n eis van £200 ingestel teen die C.T.C.-basaars op grond dat hy sy vinger beseer het met 'n kurktrekker wat hy van die basaar gekoop het en wat 'n verborge gebrek sou gehad het. Hy het verklaar dat hy £2 12s. aan doktersgeld moes betaal en £18 aan loon verloor het. Die gebrek aan die kurktrekker was dat die handvat van sagte in plaas van harde hout gemaak was.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertisensies:

Enkel plasinge (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasinge (vooruitbetaalbaar) 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasinge: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasinge tot kansellasië, 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na Posbus 1411, Kaapstad.

GEBOORTE

BALLOT. — Aan mnr. en mev. Edouard Ballot (geb. Beatrice Botha) 'n pragtige dogter op 20 Julie in die Mowbrayse Kerkgebou. Albei tans wel. Dank aan dokter en verpleegsters.

VERLOWING

VAN DER MERWE—VICTOR. — Mara, jongste dogter van mev. en wyle mnr. P. Victor, Varsfontein, Merweville, en Chris, jongste seun van wyle mnr. en mev. A. van der Merwe, Lovedale, Griekwastad, albei tans van Uitenhage, maak hiermee bekend dat ons op 12 Julie verloof geraak het. 30/7/1B

HUWELIK

Vir Partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaanse-Koffiehuys (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerkgebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

AGENTSAPPE

VAN KIEBEK TRUSTMAATSKAP. — BEPERK, Voortrekkerweg, Behville, bied sy bekwaam dienste aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbaande ens. Doen aansoek by POSBUS 48, Foon 9-7222. 27/11/TK

BETREKKING GEVRA

JONG MAN, ongetroud, wat van hoogverraad aangeklaag is, soek werk. Bereid om enige tipe werk te doen. Skryf aan POSBUS 1411, KAAPSTAD.

BENODIG

DAMEKLERK onmiddellik benodig. Doen aansoek by DURRSE DUINE-FOONTEIN MELKERY (EDMS.) BPK., Hooftweg, CLAREMONT. 30/7/1

VRYSTAATSE GOUDVELD EIENDOMME

Vir Eiendomme Henneman, Odendaalsrust omgewing, raadpleeg WELKOM EIENDOMS- EN TRUST AGENTSKAP, Henneman (Eiendoms) Alberts en Greeff. Foon 43, Telegramme „Weta.” 16/4/TK

BOME, PLANTE EN SAAD

AARTAPPELMOERE. — Arran Chief en King George, 32/6 per sak van 150 lb.; 22/6 per krat van 100 lb. V.O.S. George. K.M.B. — H. D. METELER-KAMP, Bus 47, GEORGE. 23/7/6B

BESTE GESEFTIFISEERDE SAAD:

Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Sulderkruis en Reliance Blomkool 16/-; Spitzkopkool 8/-; Blaarsaal 17/6. Uite: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6; Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-; Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. volledige pryslys verkrygbaar van REMIERS, Schoemanshoek, Oudtsboorn. 11/12/TK

HEROLDT se nuwe Afrikaanse geïllustreerde Tuin- en Saadgids is nou gereed. Dit bevat 'n volledige lys van die wêreld se beste groente- en blomsaad. Bevat sensasiewekkende nuwe soorte en is gratis op aanvraag. — HEROLDT SE SAAD-DEPARTEMENT, Posbus 660, JOHANNESBURG. A/18/6/1X14/TK

PRAGTIGE, gesonde en vars graad 1 teen 20/- per 150 lb. Eier-grootte Saadaartappels, tweede na ingevoerde. Skotse Up-to-date 25/- per 150 lb. okkerneut-grootte 20/- per 150 lb. Almal v.o.s. Bethlehem in nuwe sakke wat terug gestuur moet word. Ek waarborg tevredenheid. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, Bethlehem. 2/7/TK.

PATATRANKE. — Sesmaande, 5/- vir 70 lb.; wit driemaande, 9/- vir 70 lb.; borrie, 10/- vir 70 lb. Borriesteggies, 7/- per 1,000. Gelewer op Serpentine. Patats teen 13/- per sak. K.M.B. — H. ROELOFSE, P/S SERPENTINE. 23/7/TK

Neem weg daardie eentonigheid van u werf — HEROLDT SE SIERBOME doen dit oornag. Vinnig-groeiende, vertakte, skaduryke Deltoida-Populier en regop-groeiende Lombardy-Populier. Aeer Negundu, lowergroen blare, „koel” skadu, onskadelik vir klein tuin. Sierlike Amerikaanse en Arizona Esbome, almal 5 — 8 voet hoog, 2/-, 2/6, 3/6 en 4/6 elk. Insigunus, Halepensis, en Patula-Dennebome in afsonderlike blikke, veilige verplanting, geharde Franchetti en Cotoneaster, sierlike doringlose Cotoneaster sierstruik, asook Pyracantha (Burning Bush), oranje bessies in winter, in blikke. Bogenoemde soorte 2 — 4 vt., 1/6, 2/-, 2/6 en 3/- elk. Pragtige Treumoorbome, 7 — 8 vt., 21/-, 25/- elk. Palustris „Pin” Eikebome, 6 — 20 vt., 10/6, 17/6 en 25/- elk. Pragtige Canariensis Tuinpalms, 12/6, 50/- en 75/- elk. Kontant of deposito met bestelling. — HEROLDT SE BOOMKWEKERY, Posbus 660, JOHANNESBURG. B18/6/1X14/TK

PATATRANKE. — Sesmaande, 83 lb. vir 7/-; driemaande, 60 lb. vir 8/6; steggies, reg vir plant, 7/- per 1,000. Gelewer Serpentine. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. — B. H. GERBER, C. sn., P.K. Hoekwil, GEORGE. 23/7/TK

PATATRANKSTEGGIES. — Bale groot en voorraad groot. Bestellings kan geplaas word tot 30 Sept. Soorte: 6 maande; 3 maande wit, en Borrie 8/- per 1000. — S. P. GERBER, P/s Serpentine, Dist. George. 16/7/TK

ROSE. — „Koningin van Blomme,” prag van u tuin. Ons kleurvolle deskundig gesorteerde versamelings oortref u verwagtings. „Kroon Juweel”-Versameling: 12 uitstaande soorte van glorieryke prag, 60/-, 6 teen 35/- „Ultra Super”-Versameling — meesters vir any en vertoning. 50/- per dosyn, 27/6 vir 6. „Super Uitdaag”-Versameling, 42/6 per dosyn. Almal plus 1/6 verpakking. Hoogstamrose: Stewige stamme, sterk „geente” bloeiende krone, wêreldberoemde rose, seker om die keur van u tuin te wees, insluitende rose soos Texas, Hoover, Sylvia, Vandal, Sterling, Talisman, Bouche, Golden Dawn, Olympia, ens. 2 vt. stamme 10/6 elk, 3-3½ vt. 15/6 en 17/6 elk plus 2/6 verpakking vir elke 12 plante. Kontant of deposito met bestelling. Duisende tevrede kliente. Bestel sonder versuim, voorkom teleurstelling. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERY, Posbus 660, JOHANNESBURG. 30/7/TK

VRUGTEBOME. — Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons pulk voorrade verseker tevredenheid, maar ...die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERY, Posbus 660, JOHANNESBURG. AA/26/3/TK

GEMENG

ELEKTRESO (Edms.) Bpk. elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs. Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodighede; ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draai-pas-, sweis- en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedschap. Telefoneer 9-7223. 27/11/TK

LOOIERY. — Velle word bewerk na keuse, d.w.s. in leer, goed vir tute, sool, oorleer, ens. Om besonderhede skryf aan: L. B. SIEBRITS EN SEUN, FRANSCHHOEK, K.P. 19/3/TK

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voortreë. Enigste in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

HORLOSIEMAKER

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

H. J. STEYN, De Villierstraat 17, VASCO, KAAP, verkoop en herstel horlosies en radlos. Enigste agent en invoerder van VELOX-skeermeslemmetjies (Switserse). Foon 98-9292.

KLEREMAKERS

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eerste klas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52

MEUBELS

BINNEVEELKATRASSE van enige grootte beskikbaar. Airflex, Duros, Peerless, Lido en klapperbaar teen spesiale verlaande pryse. Skryf om pryslys aan ELEKTRON KONTRAKTEURS, Keeromstraat 18, KAAPSTAD. Foon 25060. 23/7/TK

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victorialeweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

PLUMVEE

DAGOU-KUIKENS. — Gesonde en lewendige R.I.R. en W.L.-dagoud-kui-kens. Slegs September- en Oktober-aflewering. Prys f6 per 100. B.W.D.-siekte-vry. — HEUNINGNESKRANTZ, Posbus 1134, PRETORIA. 30/7/7B

SOUT TE KOOP

BOERE-PAKKE. — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout f2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout f2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s No. 4, Arbeidsloot, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

408

Jode Maak Hulself Gehaat In Duitsland

'n Groeiende anti-Joodse gevoel in Duitsland word deur die Jewish Herald berig. Die blad bevat egter geen waarskuwende woord aan sy lesers nie — iets wat vanuit Joodse oogpunt beskou beslis lankal nodig was. Dit skyn of die Jode geen les wil leer nie.

Die anti-Joodse beleid van Hitler is grootliks geïnspireer deur die gewetenlose rol wat die Jode onmiddellik na die eerste wêreldoorlog in Duitsland gespeel het. Maar pas is hierdie oorlog verby of die Jode het weer op Duitsland toegesak met so 'n aanstootlikheid dat in enkele gevalle selfs Joodse waarnemers hul verontwaardiging nie kon weerhou nie. 'n Tyd gelede by voorbeeld het 'n Jood die feit betreur dat sover as wat hy in Duitsland gegaan het, hy Jode in magposisies aange-tref het wat net met twee be-geertes vervul is om weer-wraak op enige moontlike ma-nier te neem en soveel geld te maak as moontlik.

Brig. V. T. R. Ford, Britse streekvoedselkontroleur in Not-tingham, is deur die minister van voedsel, sir John Strachey,

SOUT. — Mevrou, u sukkel met growwe tafelsout! Bestel 'n sak fyn-sout 8/6 per 200 lb.-sak. Meneer, vir u vee is No. 2 die beste teen 49/- per ton. — S. J. VENTER, Oranje-sout-werke, P.K. Florisbad, BLOEMFON-TEIN. 14/5/TK

SOUT. — Mooi beloftes help nie, dit troos net! Bestel waar u seker is van u geld vir A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/-, No. 3 44/- per ton. Bottersout 8/6 per 200 lb.-sak. — W. H. VENTER, Soutwerke, P.K. FLORISBAD. 14/5/TK

SOUT. — Vriende, ek lewer sout in sakke: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. Tevredenheid gewaarborg. Onmiddellike versending. — S. J. DE BEER, Soutwerke, FLORISBAD. 18/6/13B

TE KOOP AANGEBIED

HAELGEWEER (410) enkelloop met 25 patrone. Splinternuut. Prys f8/10/- — KOTZE, De Villierstraat 58, TIER-VLEI. 9/7/3B

HONDJES. — Gekruisde boerboel met pronkrughondjies. Twee maande oud. Die beste bobbejaan- en jakkals-vangers wat ooit geteel was. Uitste-kende waghonde. Boerboel weeg 90 lb. Staar omtrent 2 vt. 6 dm. hoog. Die honde is kwaal op kaffers en regte kindervriende. Reuntjies f3-3-0, tefies f2-2-0. — J. P. VILJOEN, Rustdal, INDWE. (Foon Ida 812). 23/7/2

TREKKER. — Massey-Harris Junior 102 Trekker met 6 vt. Clipper Combine. In goeie werkende orde. Skryf aan: SCHONBORN, Blokzykolk, Oor Brand-vlei, K.P. 30/7/4B

WINSKOPIES VIR BOERE. — Sandskoene (nuwe en tweedehands) 10/- per streepsak; blikhorde (nuwe) f2-10-0 per 100 of 9d. elk; kosbakke 1/6 elk; panne 1/6 elk; bandoliere 2/- elk. Skryf of kom na: T. J. MOSTERT, Tweedehandse Meubelhandelaars, Lady Greystraat 93, Paarl. 21/5/TK

WATERDIGTE ge-oliede pakke be-staande uit 1 baadjie en 2 broeke. Net die ding vir die plaas en vissers. Prys 14/- per pak. K.B.A. 13/6 en K.M.B. 13/- — J. SLABBERT, Pk. Kraalfontein. 16/7/4.

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-snyers. Foon 9-8435.

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van been-meel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal f7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbrieue gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voor-siening van beenmeel. — S.A. HUNT REENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

VERKOPING

HOPE VALE-STOETERY van suiwel-geteelde Wanganelas bied 38 pulk Wanganelaramme aan op Roderick en Kie. se Ramvandis te Bloemfontein op 20 Augustus. Moenie hierdie geleentheid laat verbygaan nie. U sal nie teleurgestel wees nie. Buffelfontein geregistreerde en hoë produksie Fries-landkudde bied 5 uitstaande jong bulle aan op Roderick en Kie. se bulvandis te Bloemfontein op 24 September. Goeie konstitusie met baie melk en bottervet. — T. B. JORDAAN, P/s Buffelfontein, SOMERSET-OOS. 30/7/2B

812

Vervolger van Weduwees Nou In Tronk

Kort gelede is berig dat die weduwees van Göring en sewentien Duitse lei-ers in die tronk gesmyt is, en dat die persoon wat hiervoor verantwoordelik was, ene Alfred Loritz, hoof van die „denazifi-kasie-howe”, is. Daar is verklaar dat hy 'n „fa-natieke anti-nazi” is met hongerige oë en politieke aspirasies. Daar is toe verklaar dat die Britse amptenare nie baie van sy vervolging van die we-duwees gehou het nie.

Vrelede week is berig dat hierdie hoë ampte-naar in die tronk gesmyt is weens swartmark-be-drywigheide. Die berig het egter nie gemeld wat sy ras is nie.

Was Vader van 35 Kinders

'n Persoon wat die vader van vyf-en-dertig kinders is en vyf maal in die huwelik getree het, is verlede week in Fraserburg oordele. Hy is oom Pieter Bur-ger wat reeds 72 jaar oud was. Sy jongste kind is maar sestien maande oud.

Britte Verwag Onheil Na Kraai se Dood

Volgens 'n ou bygelooft wag daar 'n swaar en droewe lot vir Brittanje. Een van die konink-like rawe in die Tower of Lon-den is dood op die grond aan-getref ... dit sou 'n onheilspellende voorteken wees. Hierdie raaf was een van ses wie se voor-geslagte al eeue lank in die toring woon.

Op die dag wanneer die laaste van die koning se rawe uit die toring verdwyn, so lui die byge-

loof, sal die mure van hierdie vesting ineen stort en Brittanje en sy vrygewestes sal ophou om te bestaan.

Volgens oorlewing moet daar altyd vier rawe in die toring wees, en met nog net een bo die getal, word hulle nou deur soldate opgepas. Hulle word sowat 50 jaar oud.

'n Ander onheilspellende ver-skynsel wat as 'n bedreiging vir die wêreldvrede beskou word, het in die omgewing van die Umbrian-gebergte voorgekom. Die boere van daardie streek voorspel dat 'n wêreldoorlog bin-ne 'n jaar gaan uitbreek omdat die „onheilfontein” wat lank op-gedroog was, weer skielik be-gin vloei het.

Hierdie fontein wat normaal-weg geen water bevat nie, het in 1914 en 1939 begin vloei en volgens 'n ou bygelooft sal oorlog binne 'n jaar nadat die water begin vloei het, uitbreek.

Is Medisyne Noodsaaklik?

Die Natuurwetenskap sê nee!

BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETEN-SKAPLIKE METODES

Met Verbasende Uitslae GEEN MEDISYNE! GEEN OEFENINGE!

Die Hardnekkigste Kwale swig

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoon-gemaak word van sy gif of onsuiver-hede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike me-todes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aan-houdend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestem-pel. Daar is hoop vir u. Geen medi-syne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrekk volledige beson-derhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE

Posbus 1336 — KAAPSTAD

DIE Boere JEUG

AMPTELIKE

ORGAAN

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B.“, VAN WOENSDAG, 30 JULIE 1947

SKOUER AAN DIE WIEL!

Een van die dae is dit Augustus-maand en begin die natuur nuwe tekens van lewe toon. Blare en blomme kom te voorskyn, insekte en diertjies wat hulle vir die koue skuilgehou het, kruip weer uit. Dis dan of alles hulle uitrek, 'n keertjie gaap en uitstap, die lenteson tegemoet. Dit is die bewys dat hulle nie dood was nie, net maar gerus het.

En daardie rus was nie 'n volslae niksdoen nie. Let maar op hoe die knoppies so in die koue aan die takkies vorm. In daardie knoppies vorm die blare en bloeisels wat net op die warm weer wag om te verskyn. As die natuur gedurende die wintermaande gladnie werk nie, sal die somer hom onverwags oorval, en waar is dan sy prag en praal?

Nouja, Boerejeug, dit is een van die baie lesse wat moeder Natuur ons leer: Rustyd mag nie roestyd wees nie! Ook vir ons beweging breek weldra weer die lente aan. Op 8 Augustus is dit Fondsdag en moet ons met ons blommetjies voor die dag kom. As ons dan vir die eerste maal wakkerskrik is ons kans verstreke en slaan ons 'n swak figuur. Die vakansiedae en -aande het volop geleentheid gebied vir die maak van nuttige dingetjies wat op 8 Augustus vir ons geld in die kas gaan bring.

Sorg ook dat julle organisasie vir Fondsdag in die haak is sodat julle jul plek kan volstaan en alle moontlike hulp kan verleen. Dis al te lekker om jaarliks na 8 Augustus te kan lees hoe ywerig en met hoeveel sukses die Boerejeug opgetree het. Dit is van dié dinge wat 'n mens trots maak om leier te wees van so 'n Jeugbeweging.

Mag vanjaar se pogings alles wat in die verlede gedoen is ver oortref! Alle sukses toegewens.

D. J. VAN ROOY (Jeugleier).

Wenke aan Veldkornette(s)

Offisiere! Aandag!! Nuwe Blad Kom

Een van die dae verskyn 'n blad wat vir elke Boerejeugoffisier onmisbaar gaan wees. Hierdie blad sal n.l. die verskillende onderafdelinge van die werkprogram in besonderhede uitwerk in die vorm van maklike en interessante artikels vir die jeug. Daarby sal ook 'n konsep maandprogram wees om leiding aan offisiere te gee oor hoe hul die stof verder met die jeug moet behandel, asook algemene artikels vir die offisiere oor leierskap en opvoedkunde.

Afgesien van algemene artikels vir almal (waaronder 'n vervolghverhaal, prentjieverhaal, blokkiesraaisel-wedstryd, ens.) het die Boerejeug, Boeredogters, en Boerekleingoed ook hul eie rubrieke. Die idee is dan ook dat elke lid (of ten minste elke huisgesin) hierdie blad persoonlik oor die pos moet ontvang en hom/haar voorberei vir die weeklikse byeenkoms deur die aangewese artikel sorgvuldig deur te lees. Maar moenie dink dit sal 'n straf vir hulle wees nie — die stukkie is kort, pittig en boeiend opgestel.

Hierdie blad, „Vuurslag“, verskyn vanaf aanstaande maand. U sal nou begryp hoe noodsaaklik dit is dat ten minste elke offisier die blad sal kry. As u dus nog nie ingeteken het nie, sal die blad aan die veldkornetskap gestuur word en u word versoek om dan uit die kas die 2/6 intekengeld daarop te betaal. Vuurslag gaan egter nie „Die Boerejeug“ vervang nie. Laasgenoemde bly ons amptelike orgaan, en daarin word nog alle veldkornetskapnuus, offisiële aankondigings,

algemene wenke en verjaardagketting geplaas. Daar sal ook dan meer ruimte wees vir bydraes van seuns en dogters self (spoor hul gerus aan om opstelletjies, grappies, gediggies, ens. in te stuur).

Ook hierdie rubriek, „Wenke aan Veldkornette(s)“, word dan meer belangrik as ooit. Enige moeilikhede wat u mag ondervind met die maandprogramme, soos in Vuurslag gepubliseer, sal hier behandel word, asook wenke wat u aan die hand kan doen wat ander offisiere ten goede mag kom. Ons besef maar al te goed dat daar 'n wêreldse verskil is tussen aanbeveling en uitvoering, dus sal dit ook vir ons baie help as offisiere wat belas is met die jeugwerk as sodanig, aan ons sal skryf hoe hul die blad vind en watter vordering hul maak.

Alle sukses met 8 Augustus!

Die Boerejeug In Johannesburg

Op Saterdag 5 Julie het afdelings JE2a2 en JE2a7 van die Goudstad, 'n baie gesellige agtermiddag saam deurgebring by Kensingtonmeer. Twee goeie pryse is uitloof vir resieshardloop, asook verdere troospryse. Die plaaslike O.B.-Kommandant en -Kommandante het die jeug ook die middag daar 'n besoek gebring, wat hulle hoog op prys stel.

HET JY AL INGETEKEN OP



Ons Eie Boerejeugblad!

Wat Doen Julle?

Boerejeuns en Boeredogters is baie nuuskierig! En die nuus wat hulle die graagste hoor is wat die Boerejeug in ander dorpe en provinsies doen. Maar as julle in „Die Boerejeug“ lees hoe dit gaan met julle maats daar in Jeppe, of op Wellington, onthou dan dat hulle ook uitsien na nuus van julle, en as julle versuim om 'n kort verslaggie daarvan in te stuur sal hulle mos nooit weet hoe lekker verlede week se pannekoekaand of gister se uitstappie was nie!

Gedurende die volgende paar weke gaan ons almal baie bedrywig wees. En wanneer die funksie verby is (en daar 'is gesorg dat al die geleende bakke, tafeldoeke, of primus-stofies terugbesorg is!) gaan sit die Boerejeug-korrespondent agter sy skryftafel en skryf vir ons 'n berig van alles wat gebeur het.

Offisiere skenk asb. u aandag hieraan en wys vroegtydig iemand aan om direk na die 8 Aug.-funksie 'n verslag daarvan te stuur aan Boerejeug-hoofkwartier, Meyergebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom. Hoe lekker gaan ons dan nie lees wat Paarl, Pretoria en Frankfort gedoen het, en hoe dit afgeloop het op Vryburg, Oogies, of Robertson nie!

ROLPRENTVERTONING

Die Boerejeug, Kaapstad-sentraal, hou hul 8 Augustus-funksie op Saterdag, 9 Augustus, in die Komiteekamer van die Groote Kerkgebou. Dit sal die vorm van 'n rolprentvertoning aanneem en die toegang daartoe sal gratis wees. Kaartjies vir verversings sal egter 1/- kos, en is verkrygbaar by die O.B.-vriendskapsentrum. Pragtige kleurprente sal vertoon word waaronder die Juniordagviering van die Stellenbosse studente asook mooi natuurtonele in die Boland.

DIE KLEIN DEURTJIE

Deur FREDERICK.

Santjie sit op 'n bank voor 'n groot gebou. Die gebou is van rooi bakstene en het baie hoë mure; die klein venstertjies het sulke swaar ystertrallies voor dat Santjie nie eers daarbinne kan sien nie. Die enigste deurtjie in hierdie groot gebou is so klein dat mens jou voete moet optel, jou kop laag laat sak, en byna inkruip.

Santjie kom elke maand saam met haar mammie na hierdie plek. Haar mammie moet by daardie deurtjie inkruip om haar pappie te sien. Die man met die baie sleutels wat agter daardie deurtjie staan, wil glo nie dat Santjie ingaan nie. Sy moet maar altyd alleen hier wag. Elke keer as sy die sleutels hoor klink, dan gaan die deurtjie oop, en daar kruip 'n man uit of in — snaakse mense; — hulle dra vaal klere met blink knope, hulle lag nooit, hul gesigte lyk soos die houtpoppe wat sy daar in die winkelvenster gesien het. Hulle stap hy haar verby en vra nie eers wat haar pappie se naam is nie.

Dis 'n lelike plek hierdie. Hier is nie eers blomme of honde nie. As haar mammie daar ingekruip het, is sy altyd so bang dat haar mammie nie weer sal uitkom nie. Dit lyk tog so donker daar binne en so asof al die mense op hul knieë rondkruip.

Daar is seker 'n oorlog daar, want haar mammie het gesê hulle het haar pappie hier ingesit omdat hy nie 'n oorlog wou


maak nie. Sy wonder tog hoe lyk 'n oorlog, seker lelik, daarom wou haar pappie hom nie maak nie. Nou het al die ander dogtertjies pappies by die huis en sy nie eers nie.

Haar pappie is mooi. Sy kyk altyd na die portret in mammie se kamer. Maar mammie sê hulle het pappie se hare afgesny. Sy wonder hoekom het hulle dit gedoen. Anderdag het sy Grieta-hulle se wit hondjie gehelp vashou toe hulle die lang hare voor sy oë weggeknip het. Maar haar pappie het nie hare voor sy oë nie — hy is mooi. Hoekom sny hulle sy hare af?

Sy is nou moeg van hierdie ou harde bank en die lelike ou plek en die oorlog wat haar pappie nou moet maak. Sy weet wie het eerste 'n oorlog gemaak; haar mammie het haar die ou man se portret in die koerant gewys. Hy dra net so 'n keps soos hierdie mans, en hy het net so 'n houtgesig. Hy het haar laat dink aan Grieta-hulle se bok wat daar in die kampie aan 'n lyn vas is. Santjie is nou kwaad vir die ou bok en sal nie weer haar melk by Grieta-hulle drink nie.

Santjie weet as haar mammie nou daar uitkruip sal sy niks praat nie. Sy sal haar aan die handjie neem en hulle sal stil aanstap bus-toe, en huis-toe ry. As hulle by die huis kom sal mammie haar styf vasdruk en soen en vir haar sê: „ons pappie verlang baie na jou en sê hy sal een van die dae na ons toe kom.“

BLOKKIESRAAISEL No. 3



DWARS:

1. Vir hierdie fonds het die O.B. reeds meer as £85,000 byeengebring.
2. Vuurherd.
3. 'n Kompaspunt.
4. Die bestuur van 'n kommando berus by die (afkorting).
5. 'n Harlekyn.
6. 'n Populêre meisienaam.
7. „Kom en . . .“: 'n Gedig van Jan Celliers.
8. Gelofte.
9. 'n Outydse lengte-eenheid.
10. Staatmaker van ons voorouers.
11. Voorvoegsel om die verlede tyd te vorm.

22. Mens kry vandag s.g. „.....“-Kommuniste wat met teoretiese argumente die Kommunisme wil verdedig.

AF:

2. „.....Boere! Die Brandwag roep!“
3. Diertjie wat lief is vir klipskeure. Hy is na verwant aan die olifant.
4. Uitvoerende liggaam van die Groot-Raad, (afkorting).
5. Ons hou dit minstens twee maal per dag op laertrekke.
6. Een van Suid-Afrika se offisiële landstale.
7. Onder andere (afkorting). teen die hele wêreld vry!“
8. „.....van die Allerhoogste“
9. Songod van die ou Egiptenare.
10. 'n Bevestigende vraag.
11. Nommer (afkorting).
12. As ons stout is kry ons dit.
13. Jaart (afkorting).

(Oplossing verskyn in die volgende uitgawe).

Verjaardagketting

- 2 AUG.: Maria Visser, oor Kakamas.
- 3 AUG.: Johannes van der Westhuizen, Loxton. Janetta Nortje, Vredendal.
- 4 AUG.: Hermanus Cilliers, Luckhoff. Theunsina van Wyk, Matrooster. Marie du Toit, Kirkwood. Jan du Toit, Kirkwood.
- 5 AUG.: Gertruida Venter, oor Pietersburg. Maria Pretorius, Frankfort. Susanna Vermeulen, Luckhoff. Johannes Esterhuizen, Paarl. Elzen Burmeister, Paarl. Serena van der Spuy, Paarl.
- 6 AUG.: Dina Nortje, Kafferskraal. Pieter du Toit, Loxton. Siska van der Merwe, Stellenbosch. Magrieta Kriel, Stella.
- 7 AUG.: Hetta Riekert, Saulspoort. Ansie Hougaard, Paarl.
- 8 AUG.: Catharina le Roux, Bultfontein. Sarel Vorster, Stella. Eugene Breytenbach, Kirkwood.
- 9 AUG.: Dirkie Welthagen, Moolnool.
- 10 AUG.: Sarel Theron, Koffiefontein. Johanna Retief, Wellington.
- 11 AUG.: John Bronner, Stella. Bettie Botha, Stellenbosch.
- 12 AUG.: Nola Coetzee, Paarl. Herman du Toit, Wellington. Martha Robertson, oor Rustenburg. Hester Smit, Matrooster.

Stalin Sweis Openings Toe In Ystergordyn

Van Russiese kant word daar nog steeds strenger maatreëls getref om te verhoed dat inligting oor die bedrywighede van die Kommuniste in Rusland en kommunisties-beheerde gebiede die buitewêreld bereik. Daar is ook besorgdheid uitgespreek oor die Westerse neigings wat teruggekeerde soldate in Rusland openbaar.

Die Russiese opperbevel het 'n „uiters geheime“ leërbevel uitgereik wat swaar strawwe ople vir diegene, offisiere sowel as manskappe, wat dinge oor Rusland uitlaai.

Die bevel, wat onder die handtekening van kol.-genl. Kurasof uitgereik is, verbied offisiere om enige maatskaplike omgang met die burgerlike bevolking te hê, omdat volgens die bevel hulle met vroue deurmekaar raak en te veel praat. Verlof vir soldate tydens die somer-maneuvers is ook ingetrek.

Daar word ook twyfel uitgespreek oor die Russiese veiligheidsmaatreëls en die bewaring van „staatsgeheime“ — 'n baie wye term in Rusland waar alles die eiendom van die staat is.

SOOS TRONK

In aansluiting by hierdie nuwe bevel van geheimhouding, het

Hollanders Veg Voort In Java

Ondanks die „diepe besorgdheid“ van die hele wêreld oor die oorlog wat verlede week in Java uitgebreek het, gaan die stryd onverpoosd voort en kon die Nederlanders groot vordering aan teen die Indonesiese Republiek. Van Nederlandse kant is alle aanbiedinge om bemiddeling deur Amerika en Engeland van die hand gewys. Hulle verklaar dat hulle stryd nie teen die bestaan van die Republiek gaan nie, en dat hulle bereid is om tot 'n verstandhouding te kom „mits die Republiek die steun van die meerderheid van die bevolking het.“

mnr. C. J. Chancellor, algemene bestuurder van die Reuter-nuusagentskap, wat verlede week in Kaapstad aangekom het, verklaar dat om nuus uit Rusland te kry so ondoeltreffend is as wat dit maar kan kom. „Eerstens is daar 'n strenge sensorkap en tweedens word persmanne nie toegelaat om vry in die land op hul eie te beweeg en rond te kyk nie.“ Hulle word afgesonder soos gevangenes. „Hulle het geen kontak van enige soort met die Russiese volk en hulle kan nie buitekant Moskou gaan behalwe in spesiale omstandighede nie.“

Korrespondente mag ook nie met die mense op straat gesels

nie. As hulle dit doen, kan hulle in die tronk beland.

Die lewe van korrespondente is so ingekerker, het mnr. Chancellor gesê, dat geen verteenwoordiger daar langer as 'n jaar gehou word nie.

Hulle leef afgesonder in 'n groot luukse hotel in Moskou. „In die hotel is die korrespondente omring deur spioene — selfs in hul privaat gesprekke. Mikrofone is al in hul kamers ontdek.“ Al inligting wat die persmanne kry is dié uit Russiese koerante.

Rusland is ook besig om hierdie stelsel toe te pas in die lande wat onder sy plak staan, het mnr. Chancellor verklaar.

SKUIF FABRIEKE VAN EUROPA NA UNIE

Onderwyl Suid-Afrikaanse fabrikante nog aan 'n skynbare minderwaardigheidsgevoel ly en verkies om hul produkte naamloos sonder die aanduiding „In Suid-Afrika vervaardig“ die wêreld in te stuur, is buitelandse ondernemings besig om vastelandse fabriek ter waarde van £50 miljoen teen groot koste na Suid-Afrika te verplaas.

Voorbereidings om Italiaanse fabriek ter waarde van £50,-000,000 na Suid-Afrika te verskuif, is reeds aan die gang.

Hulle Wag

Met 'n hangende hofbeslissing oor die hoof van hul vader wil die kindertjies van dr. en mev. Erik Holm graag na Suid-Afrika kom waar hul moeder haar ook tans bevind. Hulle is nog in Duitsland en word deur 'n grootmoeder versorg. Hulle is van l. na r.: Kornelia (4), Dietrich (11), Erik (2), Konstanze (9), Albrecht (10) en Maja (6).

Maatskappy, die Afrika-Italiaanse Finansiële en Industriële Korporasie, is reeds gevorm om die koste van die verskuiving te dra. Twee Afrikaners, mnr. B. du Preez en C. Retief, saam met twee Italiane is direkteure van die korporasie.

Onder die fabriek wat oorgeplaas word, is een ter waarde van £5 miljoen wat hom sal toelê op die vervaardiging van olie en petrol uit steenkool. Ander fabriek sal ystererts verwerk en hulle toelê op die vervaardiging van plaasgereedskap en produkte wat nodig is vir skeepsbou. Ander fabriek sal tekstielgoedere, boustene en elektriese ware vervaardig. Daar word gehoop dat die oorsplasing van die fabriek binne twee jaar voltooi sal wees.

Inmiddels is ook aangekondig dat Amerikaanse en Britse firmas sowat £50,000,000 gereed het vir belegging in die Unie.

SKAAM

Uit 'n onlangse opname het dit geblyk dat 48 persent van die fabrikante in Suid-Afrika verkies om hul produkte naamloos die wêreld in te stuur, 22 persent merk net sommige van hul produkte terwyl net sowat dertig persent al hul produkte merk. Die fabrikante vrees dat die aanwysing dat die artikels in Suid-Afrika vervaardig word, verbruikers daarteen sal laat diskrimineer.

Van die kant van die handelaar is daar onlangs voorgestel dat 'n veldtog geloods moet word om die publiek bewus te maak om goedere van Suid-Afrikaanse fabrikaat te koop. Dit beteken natuurlik 'n veldtog teen „Buy British“-kreet wat tot sover nog ons handel oorheers het.

Unie Wil Brittanje Van Gratis Kos Voorsien

(Vervolg van bladsy 1)

tempo van £100,000,000 per maand. Sy ekonomiese posisie is so agteruit dat hy jaarliks vir £600,000,000 meer invoer as wat hy uitvoer, wat beteken dat sy vermoë om te betaal jaarliks met 'n £600,000,000 agteruitgaan. Inderdaad het die Britse minister van finansies kort gelede gedreig om nie Engeland se skuld aan Indië en Egipte ten volle te betaal nie.

Van so 'n klant verwag die Unie oor drie jaar terugbetaling

SELF TE MIN

Die posisie kom in kort hierop neer dat die paar honderdduisend belastingbetalers van die Unie die vrugte- en groentebou wat voorheen uitgevoer het voortaan sal betaal om hoog nodige produkte buite bereik van die ondervoede Unie-bevolking te hou.

As die Unie-regering vrugte en groente moet koop van die produsenters, dan kan die bevolking van Suid-Afrika eis dat sy eie honger kinders dit ontvang. Die vraag na vrugte in Suid-Afrika is ver groter as die aanbod. Dit is 'n feit. Maar wat ook 'n feit is, is dat die pryse van vrugte ver bo die vermoë

van 80 persent van die bevolking is.

Maar volgens die nuwe reëling sal die Suid-Afrikaanse vaders wat vir hul eie kinders nie voldoende vrugte kan bekostig nie, nou deur belasting moet betaal vir die vrugtedis van Britse hotelgangers.

Engeland word inderdaad armastig ... met nadruk op die lastig.

Onderwysers Uit Brittanje

Grootskaalse invoer van jong onderwysers „uit die goeie ou bronne van Oxford en Cambridge“ is verlede week bepleit deur maj. A. C. Martin, hoof van 'n seunskool in Durban voor die Natal Teachers Society.

Sonder die hulp van hierdie Engelse onderwysers kan ons nie hoop om die tegniese bekwaamhede en die kunste vir ons nasionale lewe te ontwikkel nie, het hy gesê.

„Die O.B.“ word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Bepark, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepark, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Naturelle Wat Blanke Vroue Aanrand

Twee naturelle is in Durban tot die dood veroordeel nadat hulle skuldig bevind is dat hulle 'n blanke vrou krimineel aangerand het. 'n Derde medeplichtige is tot tien jaar dwangarbeid gevonnis.

Op dieselfde dag het drie naturelle in die Durbanse magistratshof verskyn op aanklag van poging tot kriminele aanranding van 'n vyftienjarige blanke dogter.

Die saak is uitgestel tot 8 Augustus.

In Port Elisabeth is twee kleurlinge in die magistratshof tot vier jaar hardpad en ses hou met die rotting onderskeidelik veroordeel nadat hulle skuldig bevind is van kriminele aanranding van 'n 33-jarige blanke vrou. 'n Ander kleurling is skuldig bevind aan 'n poging tot verkrachting.

Blind en Doofstom

Sonder dat hulle die predikant kon sien of die huweliksformulier kon hoor, is twee blinde doofstom-persone, Lawrence Moody en Eva Hall in New York getroud. Hulle het 15 maande lank aan mekaar geskryf voordat hulle getroud is.

KOUER IN UNIE AS BY SUIDPOOL

Onderwyl die Unie een van sy koudste weke in baie jare verlede week ondervind het, het die temperatuur in die Suidpool skielik met 76 grade gestyg, sodat dit daar inderdaad warmer was as op plekke in die Unie.

Dwarsdeur die Unie het mense verlede week gebibber van die ongekende koue. Dit het

gepaard gegaan met sneeu en reën. Op verskeie plekke het die temperatuur tot op 23 grade gedaal.

In Kaapland sowel as die Vrystaat het sneeu voorgekom, terwyl reën in Transvaal geval het.

Die skielike koue wat selfs tot in die warm Natal deurgedring het, is veroorsaak deur die voorspoed van 'n uitgebreide anti-sikloniese beweging oor die Unie in die rigting van die Suidpool.

Gedurende die selfde periode was daar 'n merkwaardige temperatuurverandering in die Suidpool. Die temperatuur het vir 'n lang tyd stil gestaan op 36 grade onder vriespunt, wat as die normale temperatuur beskou word. Dit het egter skielik begin warm word sodat die kwik 40 grade bo vriespunt gestyg het. 'n styging van 76 grade. In die Suidpool was dit dus verlede week op een tydstip warmer as in die Unie.

Lewe Is Nou 41.2 Persent Duurder

Die lewenskoste in die Unie het die afgelope maande 'n gevaarlike stygende tendens teenwoordig, volgens die amptelike syfers. Sedert Mei het dit met 1.3 punte vermeerder sodat die totale styging in lewenskoste sedert die tyd voor die oorlog 41.2 persent is.

Die toename in die algemene gemiddelde syfer is veral veroorsaak deur die hoër pryse vir botter, aartappels, klere, skoene en skoonmaakmiddels. Die vermeerderde huur het ook sy deel hiertoe bygedra.